SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

AFRIKANER -KOOPKRAG

2021 Vierde Kwartaal

Theuns du Buisson

Inleiding en Oorsig

Die doel van die verslag is om te bepaal hoeveel inkomste Afrikaners ontvang, waarop hulle dit spandeer en hoe veilig en stabiel daardie inkomste en welvaart is. Om laasgenoemde rede is daar ook vrae ingesluit oor onderrig en versekering, spaargeld en verbruikersgedrag.

Wat verbruikersgedrag betref, poog die verslag ook om te meet hoe belangrik kulturele oorwegings en lojaliteit aan diensverskaffers is. Hierdeur wil ons ook die standhoudendheid van verbruikersgedrag bevestig.

Nadat inkomstebelasting afgetrek is, is die besteebare inkomste van Afrikaner-huishoudings net minder as R376 miljard (R375 821 997 083). Afrikaners se effektiewe inkomstebelastinglas beloop 21%, met ’n bedrag van net oor die R100 miljard (R100 394 971 775) wat deur Afrikaners aan inkomstebelasting afgestaan word. Die staat gee totale persoonlike inkomstebelastinginkomste vir 2021 aan as R516 miljard, wat beteken dat Afrikaners 19% van Suid-Afrika se totale persoonlike inkomstebelasting betaal, terwyl ons slegs omtrent 4,5% van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak.

In terme van inkomste, algemene opleiding en indiensname is Afrikaners veel beter daaraan toe as die res van die Suid-Afrikaanse bevolking.

Die grootste risiko vir Afrikaner-welvaart is ’n gebrek aan aftreevoorsiening en spaargeld oor die algemeen. Die verslag is verdeel tussen die Afrikaner-werksmag en afgetrede Afrikaners. Dit is opvallend dat die bejaarde bevolking se gemiddelde inkomste bykans die helfte van dié van die werksmag is. Dit is deels toe te skryf aan ’n groter fokus op opvoeding en onderrig onder jonger mense, maar veel meer aan ’n gebrek aan beplanning toe bejaardes nog gewerk het. ’n Gebrek aan inkomste is ook nie hiervoor te blameer nie, omdat die inkomsteverspreiding van mense sonder aftreebeplanning grotendeels ooreenstem met dié van die algemene bevolkingsverspreiding.

Ten opsigte van skuld is ’n beduidende aantal onder groot finansiële druk. Omtrent een uit drie huishoudings is bekommerd oor hul skuldvlakke, terwyl omtrent een uit ses al onder skuldberading was of tans is. Slegs die helfte voel dat hul welvaart veilig is teen onverwagse teëspoed.

58% van gesinne van werkende ouderdom besit hul wonings. Teen aftrede is hierdie syfer veel hoër en die verwagting is dat hierdie tendens sal volhou. Baie mense beskou huiseienaarskap as deel van aftreebeplanning en gee dikwels voorkeur daaraan bo werklike beplanning wat ’n inkomste sal genereer. Bykans alle werksmaggesinne besit ten minste een motor, en omtrent ’n derde van motors is nuwer as vyf jaar.

Afrikaner-gesinne is lojaal teenoor produkte en handelsmerke wat hulle vertrou, en hulle ondersteun graag ander Afrikaners in hul sakeondernemings. Ondanks hierdie lojaliteit is hulle nie bang om nuwe produkte en dienste te gebruik nie.

Metodologie en profiel van respondente

Die studie is onderneem deur ’n vraelys met respondente te deel. Hiervan is 240 deur sosiale media ingesamel en die ander 471 is telefonies ingesamel deur agente wat spesifiek daarvoor aangestel is. Ongelukkig moes heelwat vraelyste wat deur sosiale media ingevul is, verwerp word as gevolg van onvolledigheid. Tensy anders vermeld, is alle inligting in hierdie verslag afkomstig van hierdie opname.

Omdat die studie oor die koopkrag van Afrikaners handel, is dit belangrik om die term “Afrikaner” te definieer. Hoewel daar nie ’n vaste, amptelike definisie is nie, word die standaardbeskrywing van mense wat hul taal as Afrikaans aangee en hul ras as wit, vir die studie gebruik. Alle respondente wat nie aan hierdie kruispunt van Afrikaans en wit voldoen nie, is uit die studie verwyder. Daardeur word nie gepoog om die term te definieer of om enigiemand in of uit te sluit nie, maar bloot om die welstand van mense was as Afrikaners sou identifiseer, weer te gee.

711 respondente het die vraelys namens hul huishoudings ingevul. As slegs relatief volledige vraelyste in berekening gebring word, is die vraelys deur 658 persone ingevul. Omdat dit namens huishoudings is, vergestalt dit die finansiële gedrag van 1 475 volwasse gesinslede en 278 kinders onder 18. Die gemiddelde respondent het dus net meer as twee volwassenes in hul huishoudings.

Met ‘n vertrouensvlak van 95% het die studie ‘n foutgrens van 3.87%.

Wat die ouderdom van respondente betref, word dit in die volgende grafiek weergegee:



Volgens die 2011-sensus lyk die ouderdomsverspreiding eerder soos in die volgende grafiek. Data sal daarom, waar nodig, in die res van die verslag aangepas word om die werklikheid in terme van ouderdomsverspreiding weer te gee. Dit is veral belangrik in die lig daarvan dat mense wat reeds in hul loopbane gevestig is gewoonlik meer verdien en ook al meer volhoubare welvaart opgebou het.



Bron: Solidariteit Demografieprojek

Wat die provinsiale verspreiding van respondente betref, is dit relatief soortgelyk aan die werklike verspreiding van Afrikaners volgens die 2011-sensus.





Wat mense se woonomstandighede betref, is meer as die helfte van respondente getroud, en omtrent ’n kwart, hoofsaaklik jonger mense, is ongetroud. Die res is relatief gelykop verdeel tussen mense wat saamwoon, weduwees en wewenaars wat alleen woon, en geskeide mense wat op hul beurt verdeel is tussen mense wat by hul ouers bly, alleen bly, of saam met ander volwassenes bly waarvan die verwantskap of verhouding nie aangedui word nie.



Amper die helfte van respondente het aangedui dat hulle voltyds in diens is, terwyl bykans ’n derde van respondente afgetree is. Die res is verdeel tussen sake-eienaars, deeltydse werknemers, kontrakwerkers, tuisteskeppers en studente. Slegs 4% van respondente se werkstatus is as “werkloos” aangedui.



Wat opvoeding betref is respondente uitstekend toegerus vir die arbeidsmark. Van die 1 038 wat antwoorde verstrek het, het slegs 71 respondente nie matriek nie, 410 het matriek geslaag, 243 het 'n diploma of sertifikaat, 156 het 'n baccalaureus-graad, 73 'n honneursgraad, 47 het meestersgrade en 15 het doktorsgrade. 23 respondente het aangedui aan dat hulle 'n ander kwalifikasie het. As 'n reël is jonger mense gemiddeld beter opgelei as ouer mense.



Ook wat verdere opleiding betref is respondente baie gedrewe om loopbaanvordering te maak. Amper die helfte sê dat hulle deurlopend kursusse doen om vaardighede relevant te hou, terwyl 18% voel dat dit nie nodig is nie.



Afrikaners se besteebare inkomste

Die metode waarop hierdie berekening gedoen is, is deur die inkomste soos respondente dit in die vraelys aangedui het, bymekaar te tel en dit aan te pas vir die bevolking se ouderdomsverspreiding, asook die gemiddelde aantal volwassenes in daardie ouderdomskohort se huishoudings, en dit dan in verhouding tot die bevolkingsamestelling te bereken. Ouderdom is hier die bepalende faktor, omdat mense in verskillende lewensfases verskillende vlakke van inkomste geniet. Iemand wat pas 'n loopbaan begin het, kan selde aanspraak maak op dieselfde besoldiging as iemand met jare se ondervinding.

Vir die berekeninge is die 2021-skatting in die Solidariteit Demografieverslag gebruik. Dit is gegrond op die 2011-sensus, wat die mees onlangse amptelike syfers tot ons beskikking is. Die volgende tabel dui die huishoudelike inkomste van verskillende ouderdomsgroepe aan. Vir verdere ontledings word inkomste tussen die aantal volwassenes, soos respondente dit aangedui het, gedeel en dan vermenigvuldig met die totale aantal Afrikaners in daardie ouderdomskohort. Die feit dat die gemiddelde aantal volwassenes in huishoudings met jeugdige respondente veel groter as in ander huishoudings is, verduidelik byvoorbeeld die ooglopende uiters hoë inkomste van mense tussen 18 en 24. Wanneer dit vir individue in huishoudings aangepas word, volg dit wel die verwagte patroon waarvolgens mense meer verdien soos hulle in hul loopbane vorder. Die gemiddelde inkomste plat wel af na 50, omdat sommige mense dan ophou werk. Terselfdertyd vererger hierdie opmerking die relatief lae inkomste van mense bo 65 as in ag geneem word dat huishoudings in daardie ouderdomskohort veel kleiner is. Ouderdomsverwante verskille, soos of mense werk en of hulle afgetree is, word later in groter besonderhede beskou. Die volgende tabel dui die gemiddelde maandelikse huishoudelike inkomste van Afrikaners in verskillende ouderdomskohorte aan:

Kohort	Mense	Bruto	Netto
18-24	200 554	R50 855	R38 930
25-34	375 116	R42 959	R33 876
35-44	418 905	R51 127	R39 104
45-54	415 026	R56 491	R42 445
55-64	381 679	R33 457	R27 431
65+	393 377	R22 173	R20 032

Volwasse Afrikaners se totale jaarlikse inkomste is dan net oor die R476 miljard (R476 216 968 858) Nadat inkomstebelasting afgetrek is, is die besteebare inkomste net minder as R376 miljard (R375 821 997 083). Dit beteken dat Afrikaners 'n effektiewe inkomstebelastinglas van 21% het, met 'n bedrag van net oor die R100 miljard (R100 394 971 775) wat deur Afrikaners aan inkomstebelasting afgestaan word. Die staat gee totale persoonlike inkomstebelastinginkomste vir 2021 as R516 miljard aan, wat beteken dat Afrikaners 19% van Suid-Afrika se totale persoonlike inkomstebelasting betaal. As in ag geneem word dat Afrikaners maar omtrent 4,5% van die bevolking uitmaak, is dit 'n fenomenale bydrae.

Nog iets wat aandag behoort te geniet is die problematiese onderrapportering van netto inkomste. Uit van die oop vrae oor aftrekkings is dit duidelik dat baie mense nie weet wat met "aftrekkings" bedoel word nie. Baie sluit so te sê al hul uitgawes, eerder as slegs aftrekkings op hul salarisstrokies, hierby in. Die onderrapportering van netto-inkomste beloop ongeveer 13% as bruto inkomste vir belasting aangepas word. Dit is duidelik dat die finansiële geletterdheidsvlakke van baie respondente ver tekort skiet.

Alle ander uitgawes, selfs al word dit van ’n salaris afgetrek, is inkomste wat tot voordeel van die salaristrekker aangewend word, byvoorbeeld bydraes vir ’n mediese fonds. Selfs al land dit nooit in die ontvanger se rekening nie, vorm dit steeds deel van netto besoldiging.

Omdat daar wesenlike verskille tussen die uitgawes en behoeftes van mense in verskillende ouderdomsgroepe is, sal die res van die verslag in twee dele verdeel word – een vir die Afrikaner-werksmag, en een vir bejaardes.

Afrikaner-werksmag

Vir die werksmag se berekeninge is slegs Afrikaners van tussen 18 en 64 wat nie hul werkstatus as “afgetree” aangedui het nie, ingesluit. Die gemiddelde huishouding in hierdie groep het 2,47 volwassenes en 1,66 kinders, en het ’n netto huishoudelike inkomste van R36 720 in 2021. Voor aftrekkings is die gemiddelde huishoudelike inkomste R48 112.



Die verspreiding van bruto inkomste vir hierdie groep is soos volg:



Wat die inkomste van die meeste Afrikaners van werkende ouderdom betref, is die meeste gesinne relatief welaf wanneer hulle met die res van Suid-Afrika vergelyk word. Amper niemand ly honger

nie. Dit word ook weerspieël in werkstatus. Bykans alle huishoudings het ten minste een bron van inkomste, in terme van iemand in die huishouding wat werk. In terme van die aantal entrepreneurs is ons voor die res van die wêreld, maar agter sommige lande. In die VSA, byvoorbeeld, is ongeveer 16% van die werksmag entrepreneurs[i], vergeleke met 9% van Afrikaners. Die meeste ontwikkelende lande het ook 'n hoër entrepreneurskapskoers, met Angola wat 'n koers van 40,5% het.[ii]

Werkloosheid onder respondente is 6%. Statistieke Suid-Afrika gee nie data vir kultuurgroepe nie, maar wel vir rassegroepe, en gee die werkloosheidsyfer vir wit mense as 8,8% aan in die mees onlangse publikasie vir die laaste kwartaal van 2021.[iii] Dit is die laagste syfer vir enige bevolkingsgroep, gevolg deur Indiërs en Asiate wat 'n werkloosheidskoers van 11.8% het.

Die meeste mense is ook ernstig oor loopbaanvooruitgang deurdat hulle deurlopend hul vaardighede opskerp. 57% van respondente het gesê dat hulle deurlopend kursusse doen om hul vaardighede op datum te hou. 13% het gesê dat dit nie nodig is nie.



Die Afrikaner-werksmag is ook baie goed opgelei, soos in die volgende grafiek uitgebeeld word.



Met ’n syfer van slegs 4% van die Afrikaner-werksmag wat hul hoogste vlak van onderrig as “minder as matriek” aandui, is Afrikaners veel beter daaraan toe as die res van Suid-Afrika. In 2020 was hierdie syfer 51,3% vir mense tussen 25 en 64 in die hele Suid-Afrika.[iv] Met 32% van respondente wat ’n universiteitsgraad het, is Afrikaners ook veel beter daaraan toe as die res van Suid-Afrika vir wie die syfer 5,9% is. Die waarde wat aan onderrig geheg word, vorm dan die agtergrond vir die relatief goeie uitkomste wat ten opsigte van inkomste bereik word.

Finansiële Sekuriteit

58% van die Afrikaner-werksmag besit hul wonings, met ’n verdere 19% wat ook ander eiendom besit.

Bykans al die respondente in die Afrikaner-werksmag besit ten minste een motor per huishouding, met die meeste wat twee of drie motors besit. 42% het aangedui dat hulle ten minste een motorpaaiement betaal, en die gemiddelde bedrag beloop R4 499. Die gemiddelde waarde van voertuie is R189 058 en die ouderdom van voertuie word in die onderstaande grafiek aangedui.



358 respondente in die Afrikaner-werksmag het vrae oor spaargeld en beleggings beantwoord. Hiervan het 51, of 14%, aangedui dat hulle glad nie spaar of belê nie. Hoewel dit opsigself kommerwekkend is, is ’n beter aanduiding om te kyk of mense oor pensioen of voorsorgfondse of annuïteite beskik. Slegs 111 belê in pensioenfondse en 75 in annuïteite. Hulle is dikwels dieselfde mense. Dit skep ’n prentjie van ’n toekoms vol swaarkry vir ’n beduidende deel van die Afrikaner-bevolking.

Waar respondente gevra is of hulle voel dat hul huishoudings se finansiële welstand gewaarborg is, selfs al sou iets onvoorsiens gebeur, het slegs 51% gesê dat hulle wel so voel. Hier moet ons tog opmerk dat die studie aan die einde van 2021, na afloop van die Covid-19-pandemie, gedoen is. Die relatief goeie lewenstandaard wat respondente handhaaf het dus reeds heelwat teëspoed oorleef.

Die gemiddelde mens wat wel spaar, spaar R4 354 per maand in ’n pensioenfonds en R3 360 in ander produkte. Die algemene konsensus onder finansiële kenners is dat ’n mens 15% van jou netto inkomste vir pensioen moet wegsit. Met ’n gemiddeld van 12% van netto inkomste kom baie mense kort en sal hulle nie hul lewenstandaard ten volle kan handhaaf na aftrede nie.

Die instrumente waarin mense spaar en belê word in die volgende grafiek uiteengesit:



Die inkomsteverspreiding van die mense wat geen aftreevoorsiening in plek het nie, is oor die algemeen nie van so ’n aard dat hulle dit nie kan bekostig nie. In terme van ouderdom is diegene sonder voorsiening ook so te sê dieselfde persentasie van elke kohort, ongeag hul ouderdomme, met ’n relatief groot voorkoms van onverskilligheid teenoor die toekoms onder mense onder 25. Ons kan daarom aanneem dat iemand wat op 35 nog nie voorsiening vir aftrede begin maak het nie, dit ook nie later in hul lewens sal doen nie.



Oor die korter termyn het 54% aangedui dat hulle nie spaargeld het om vir ten minste drie maande hul uitgawes te dek nie. Hoewel mense dus oor die algemeen genoeg verdien om ’n goeie lewensstandaard te handhaaf, kan dit eensklaps verdwyn.

Wat skuld betref, is 29% van werksmag-huishoudings bekommerd oor hul skuldvlakke en 14% is onder skuldberading of was in die verlede onder skuldberading. Gemiddeld is die skuldlas nie te hoog nie, maar wat indiwiduele respondente betref is omtrent 30% van huishoudings onder groot druk as gevolg van hul skuld, soos hulle ook self aantoon.

Skuldverpligtinge	Persentasie gebruikers	Gemiddelde paaiement
Kredietkaartterugbetalings	38%	R2 399
Voertuigfinansiering	42%	R4 499
Persoonlike lenings	23%	R3 292
Klererekeninge	21%	R792
Lenings van vriende of familie	5%	R1 619
Leningshaaie ("loan sharks")	1%	R50
Ander skuld	8%	R5 000

Algemene begroting

Hierdie deel van die verslag handel slegs oor die begroting van die Afrikaner-werksmag. Die laaste deel van die verslag kombineer die werksmag en die bejaarde bevolking om ’n skatting te lewer van die hele Afrikaner-bevolking se bestedingspatrone. Alle syfers is vir maandelikse besteding, en waar die uitgawe nie maandeliks voorkom nie, is respondente gevra om ’n gemiddelde skatting in te vul.

Die algemene begroting begin deur te kyk na vaste verpligtinge. Dit is opvallend dat daar meer mense is wat aan voertuie afbetaal as aan huise. Buiten kostes wat met verblyf en oorlewing

gepaard gaan, is korttermynversekering die mees algemene uitgawe. Dit is egter ook ietwat kommerwekkend dat meer as 95% van huishoudings aangedui het dat hulle ten minste een voertuig besit, terwyl net 60% aandui dat hulle korttermynversekering het. Dit kan deels toegeskryf word aan onderrapportering in die suiwer finansiële deel van die vraelys, maar dit is tog in lyn met navorsing wat wys dat 70% van motoriste geen versekering het nie.[v] Afrikaners is dus meer verantwoordelik as die algemene bevolking, maar minstens 40% loop die risiko om deur ’n motorongeluk geruïneer te word. 75% van respondente dui aan dat hulle tot ’n mediese fonds bydra. Nog ’n plek waar dekking tekort skiet is ongeskiktheidsdekking, waar slegs 18% aandui dat hulle daarvoor betaal. Die gemiddelde bedrag wys dat dit waarskynlik meer as een mens per huishouding is, in huishoudings waar ongeskiktheidsdekking wel uitgeneem word.

Vaste Verpligtinge	Persentasie gebruikers	Gemiddelde bedrag
Huur	40%	R7 954
Verbandterugbetalings?	35%	R11 307
Heffings ("levies")	19%	R1 995
Instandhouding van eiendom	42%	R1 989
Munisipale dienste en belastings	53%	R1 939
Water	60%	R1 114
Elektrisiteit	78%	R2 149
Mediesefondspremies	75%	R4 530
Gapingsdekking ("gap cover")	21%	R1 123
Begrafnisdekking	41%	R453
Korttermynversekering	60%	R2 587
Lewensversekering	51%	R2 989
Gevreesdesiekte-dekking	19%	R1 079
Ongeskiktheidsdekking	18%	R1 200
Geboueversekering?	18%	R1 194

Algemene Uitgawes	Persentasie gebruikers	Gemiddelde bedrag
Selfoon	88%	R1 178
Vastelyntelefoon	4%	R 621
Internet	73%	R700
Skenkings aan 'n kerk of ander geloofsinstansie	45%	R1 588
Skenkings aan liefdadigheid	26%	R1 346
Intekenings op musiekstromingsdienste	24%	R119
Intekenings op videostromingsdienste soos Netflix of Showmax	46%	R238
Intekenings op koerante of e-koerante	7%	R80
Huishulp	49%	R2 041
Tuinhulp	36%	R1 478
DSTV	31%	R 739
Bankkoste	79%	R373
Gimnasiumfooie	19%	R584

Skoolgeld	34%	R3 799
Tersiêre onderrig	19%	R6 941
Kruideniersware	96%	R4 488
Wegneemetes	65%	R897
Uiteet	35%	R911
Stokperdjies	33%	R1 549
Alkohol	54%	R631
Tabakprodukte	26%	R811
Medikasie	49%	R709
Doktersbesoeke en hospitaaluitgawes	19%	R976
Algemene vermaak	24%	R678
Persoonlike versorging en skoonheid	70%	R900
Publieke vervoer	1%	R213
Brandstof	86%	R2 293
Vakansies en naweekwegbreke	38%	R3 027

Verbruikersgedrag van die Afrikaner-werksmag

Die onderstaande ontleding dui op ’n gemeenskap wat hulself duidelik as deel van ’n groep identifiseer. Die meeste mense is bereid om opofferings te maak om beter onderrig aan hul kinders te kan gee. Hoewel dit nie ’n beginselsaak is nie, is ’n beduidende deel van die gemeenskap bereid om meer te betaal en verder te ry om ander Afrikaners se besighede te ondersteun. Die oorgrote meerderheid sê dat hulle graag besighede ondersteun wat in Afrikaans adverteer.

Hoewel die skuif na aanlyn sakeondernemings ’n beduidende impak op Afrikaner-verbruikers het, is baie steeds lojaal teenoor fisiese winkels. In hierdie winkels word gehalte hoër as prys geag, maar goeie pryse is belangrik. Hoewel die Afrikaner-verbruiker lojaal is teenoor hul gunstelingwinkels, is die meeste ook bereid om ’n skuif na nuwe winkels te maak. Lojaliteit is veel eerder teenoor vertroude handelsmerke as teenoor handelaars.

My aankope is soortgelyk aan dié van die res van my gemeenskap.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Ek is bereid om verder te ry na 'n beter skool vir my kinders se opvoeding.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek is bereid om duurder te betaal om 'n beter opvoeding aan my kinders te gee.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Dit is vir my belangrik dat my loodgieter of elektrisiën my huistaal praat.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Dit is vir my belangrik dat my huishulp of tuinier my huistaal praat.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Ek ondersteun graag winkels wat in my huistaal adverteer.
150
100
50
0
32
135
54
46
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek verkies om by winkels te koop waar personeel my huistaal praat.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Waar daar verskeie vertalings van 'n boek is, verkies ek dit in my huistaal eerder as in Engels.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Wanneer dit by kruideniersware kom is prys en bekostigbaarheid belangriker as gehalte.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek ry maklik na 'n winkel wat verder van my af is as hulle spesiale aanbiedings het.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek doen al my groot kruideniersinkopies by een winkel.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek doen nog altyd my inkopies by dieselfde winkel en dit sal nie sommer verander nie.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Ek verkies om aanlyn te koop, eerder as in fisiese winkels.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Sommige winkels sal nooit deur aanlyn ondernemings vervang kan word nie.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


As ek kon, sou ek alles aanlyn koop.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie





Die gunstelingdiensverskaffers in die versekeringsbedryf is soos volg aangedui. Hier moet ons daarop let dat heelwat van die versekeraars dienste in verskeie kategorieë lewer. ’n Interessante opmerking is dat Dotsure, wat slegs troeteldierversekering bied, in die 17de plek sou wees, met 8 gebruikers uit 360. Dit bewys nie net ’n liefde vir diere nie, maar ook Afrikaners se vatbaarheid vir volgehoue advertensies. Uit 360 werksmagrespondente wat vrae oor versekeraars beantwoord het, is die gunstelinge volgens die hoeveelheid gebruikers as volg:

1	Discovery	54
2	Santam	54
3	Outsurance	46
4	Sanlam	46
5	Old Mutual	36
6	Momentum	34
7	Hollard	15
8	Allan Gray	14
9	King Price	14
10	Liberty	13
11	Bonitas	12
12	Medihelp	12
13	Absa Insurance	11
14	Auto and General	11
15	Mutual & Federal	10

Bejaardes

Alle respondente ouer as 65 jaar is vir die doel van hierdie studie as bejaardes bestempel. Dit is opmerklik dat bejaardes die enigste kohort is wat gemiddeld minder as twee volwassenes per huishouding het, met 1,94.

Hul gesinsopset is ook heelwat anders, met omtrent ’n derde wie se huweliksmaats reeds afgesterf het.



Daar is ook meer as ’n halvering van inkomste tussen mense van werkende ouderdom en mense wat nie meer werk nie. Die gemiddelde netto huishoudelike inkomste verminder van R42 445 vir mense tussen 45 en 54, waar ’n gemiddelde hoogtepunt bereik word, tot R20 032 vir mense bo 65.

Ook die inkomsteverspreiding wek kommer omdat daar ’n aansienlik groter versameling in die laer inkomstegroepe is. 14% van bejaarde huishoudings moet met minder as R5 000 per maand klaarkom, en ’n verdere 17% met minder as R10 000 per maand per huishouding.



Hierdie verskuiwing en dramatiese verlaging in lewenstandaard dui op aftreebeplanning wat ver tekort skiet. Soos in die grafiek hieronder aangedui, is die oorgrote meerderheid (84%) van Afrikaners ouer as 65 afgetree.



Die oorgrote meerderheid gee hul primêre bron van inkomste aan as pensioen, gevolg deur ander opbrengs op beleggings. Minder as die helfte van respondente dui beduidende inkomste buiten hul

pensioen aan. Waar dit vir 16% van bejaarde respondente wel die geval is dat “salaris” as primêre bron van huishoudelike inkomste aangedui word, kan daar in bykans alle gevalle afgelei word dat die salaris verdien word deur ander volwassenes in die huishouding. In amper die helfte van hierdie gevalle is die huishoudelike inkomste dan ook minder as R10 000 per maand.

Dit is ook waar dat 16 uit die 221 bejaarde respondente steeds maandeliks tot ’n pensioen- of voorsorgfonds bydra.



Tweederdes van bejaardes besit hul woonplekke, terwyl 15% van respondente in hierdie kategorie aangedui het dat hulle ook ander vaste eiendom besit. Van die 58 wat sê dat hulle in eiendom belê, bedoel heelwat van hulle dus dat hulle in hul eie huise belê. Dit is opmerklik dat bejaardes suiwer in tradisionele bateklasse belê. 14% dui aan dat hulle geen beleggings het nie.



Wat finansiële sekuriteit betref, voel 63% van bejaarde respondente dat hul finansiële welstand gewaarborg is, selfs al sou iets onvoorsiens gebeur. 61% van respondente beskik oor 'n noodfonds of spaargeld waarop hulle kan reken vir ten minste drie maande se uitgawes. Bejaardes doen in hierdie opsig aansienlik beter as werkendes.

71% van bejaarde huishoudings besit ten minste een motor, terwyl 25% meer as een besit. Die gemiddelde waarde van motors is R144 320, terwyl die ouderdom van motors soos volg versprei is:



Wat skuld betref, is bejaardes relatief goed daaraan toe. Slegs vyf uit 222 respondente het aangedui dat hulle bekommerd is oor hul huishoudings se skuldvlakke, en net vyf was al onder skuldberading. Hoewel die meeste bejaardes geen skuld het nie, is kredietkaarte die mees algemene vorm van skuld, gevolg deur klererekeninge. Slegs enkeles het voertuigfinansiering of persoonlike lenings.

Algemene Begroting

Wat beide vaste verpligtinge en algemene uitgawes betref, is dit duidelik dat daar by bejaardes 'n algemene verskuiwing is na meer noodsaaklike uitgawes, ten koste van luukshede.

	Persentasie gebruikers	Gemiddelde bedrag
Huur	23%	R4 278
Verbandterugbetalings	4%	R5 143
Heffings ("levies")	15%	R1 982
Instandhouding van eiendom	28%	R1 574
Munisipale dienste en belastings	39%	R1 537
Water	58%	R901
Elektrisiteit	72%	R1 782
Mediesefondspremies	69%	R3 957
Gapingsdekking ("gap cover")	14%	R413
Begrafnisdekking	33%	R235

Korttermynversekering	47%	R2 028
Lewensversekering	15%	R2 139
Gevreesdesiekte-dekking	3%	R540
Ongeskiktheidsdekking	3%	R617
Geboueversekering?	9%	R2 144

	Persentasie gebruikers	Gemiddelde bedrag
Selfoon	89%	R573
Vastelyntelefoon	12%	R347
Internet	41%	R492
Skenkings aan 'n kerk of ander geloofsinstansie	57%	R591
Skenkings aan liefdadigheid	18%	R597
Intekenings op musiekstromingsdienste	2%	R 50
Intekenings op videostromingsdienste soos Netflix of Showmax	6%	R352
Intekenings op koerante of e-koerante	9%	R128
Huishulp	36%	R1 606
Tuinhulp	32%	R1 204
DSTV	45%	R664
Bankkoste	54%	R289
Gimnasiumfooie	4%	R529
Skoolgeld	1%	R3 000
Tersiêre onderrig	1%	R125
Kruideniersware	88%	R3 273
Wegneemetes	25%	R508
Uiteet	11%	R934
Stokperdjies	14%	R458
Alkohol	30%	R401
Tabakprodukte	14%	R455
Medikasie	52%	R1 033
Doktersbesoeke en hospitaaluitgawes	15%	R828
Algemene vermaak	7%	R393
Persoonlike versorging en skoonheid	61%	R601
Publieke vervoer	3%	R271
Brandstof	84%	R1 322
Vakansies en naweekwegbreke	20%	R2 565

Verbruikersgedrag van Afrikaner-bejaardes




Dit is vir my belangrik dat my huishulp of tuinier my huistaal praat.
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Ek ondersteun graag winkels wat in my huistaal adverteer.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek verkies om by winkels te koop waar personeel my huistaal praat.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Waar daar verskeie vertalings van 'n boek is, verkies ek dit in my huistaal eerder as in Engels.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Wanneer dit by kruideniersware kom, is prys en bekostigbaarheid belangriker as gehalte.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek ry maklik na 'n winkel wat verder van my af is as hulle spesiale aanbiedings het.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek doen al my groot kruideniersinkopies by een winkel.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek doen nog altyd my inkopies by dieselfde winkel en dit sal nie sommer verander nie.
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek verkies om aanlyn te koop, eerder as in fisiese winkels.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Sommige winkels sal nooit deur aanlyn ondernemings vervang kan word nie.
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


As ek kon sou ek alles aanlyn koop.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Ek neem deel aan verbruikersaksies teen ondernemings wat my gemeenskap te na kom.
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie


Ek is lojaal teenoor handelsmerke wat ek vertrou.
200
150
100
50
0
Beslis
Ja
Neutraal
Nee
Beslis nie

Die Gesamentlike Jaarlikse Begroting van die Afrikaner

Uitgawe	Totale bedrag	% van bruto	% van netto
Inkomstebelasting	R100 394 971 775	21,1%	
Kredietkaartterugbetalings	R8 508 309 200	1,8%	2,3%
Voertuigfinansiering	R16 963 441 870	3,6%	4,5%
Persoonlike lenings	R6 888 598 862	1,4%	1,8%
Klererekeninge	R1 484 585 934	0,3%	0,4%
Lenings van vriende of familie	R722 639 849	0,2%	0,2%
Leningshaaie ("loan sharks")	R3 187 756	0,0%	0,0%
Ander skuld	R3 347 144 192	0,7%	0,9%
Huur	R29 748 496 490	6,2%	7,9%
Verbandterugbetalings	R35 108 707 856	7,4%	9,3%
Heffings ("levies")	R4 101 644 762	0,9%	1,1%
Instandhouding van eiendom	R8 374 487 940	1,8%	2,2%
Munisipale dienste en belastings	R10 478 964 033	2,2%	2,8%
Water	R7 085 823 567	1,5%	1,9%
Elektrisiteit	R17 790 980 457	3,7%	4,7%
Mediesefondspremies	R36 360 956 086	7,6%	9,7%
Gapingsdekking ("gap cover")	R2 147 038 913	0,5%	0,6%
Begrafnisdekking	R1 789 872 198	0,4%	0,5%
Korttermynversekering	R15 923 085 600	3,3%	4,2%
Lewensversekering	R13 938 197 754	2,9%	3,7%
Gevreesdesiekte-dekking	R1 788 040 699	0,4%	0,5%
Ongeskiktheidsdekking	R1 958 123 830	0,4%	0,5%
Geboueversekering	R2 300 947 170	0,5%	0,6%
Selfoon	R10 232 602 455	2,1%	2,7%
Vastelyntelefoon	R343 326 782	0,1%	0,1%
Internet	R4 959 578 040	1,0%	1,3%
Skenkings aan 'n kerk of ander geloofsinstansie	R6 985 915 538	1,5%	1,9%
Skenkings aan liefdadigheid	R3 312 545 187	0,7%	0,9%
Intekenings op musiekstromingsdienste	R251 759 331	0,1%	0,1%
Intekenings op videostromingsdienste soos Netflix of Showmax	R994 713 106	0,2%	0,3%
Intekenings op koerante of e-koerante	R80 027 666	0,0%	0,0%
Huishulp	R10 184 421 608	2,1%	2,7%
Tuinhulp	R5 571 658 865	1,2%	1,5%
DSTV	R2 711 060 586	0,6%	0,7%
Bankkoste	R2 945 573 447	0,6%	0,8%
Gimnasiumfooie	R1 028 149 235	0,2%	0,3%
Skoolgeld	R11 259 293 774	2,4%	3,0%
Tersiêre onderrig	R11 678 838 787	2,5%	3,1%
Kruideniersware	R44 351 441 248	9,3%	11,8%

Wegneemetes	R5 356 583 980	1,1%	1,4%
Uiteet	R3 050 954 504	0,6%	0,8%
Stokperdjies	R4 568 746 745	1,0%	1,2%
Alkohol	R3 248 689 754	0,7%	0,9%
Tabakprodukte	R2 020 138 166	0,4%	0,5%
Medikasie	R4 346 138 094	0,9%	1,2%
Doktersbesoeke en hospitaaluitgawes	R1 883 377 062	0,4%	0,5%
Algemene vermaak	R1 470 840 313	0,3%	0,4%
Persoonlike versorging en skoonheid	R6 390 170 363	1,3%	1,7%
Publieke vervoer	R33 719 356	0,0%	0,0%
Brandstof	R19 849 777 803	4,2%	5,3%
Vakansies en naweekwegbreke	R11 248 801 445	2,4%	3,0%

As gevolg van afronding en die rol van skuld tel totale nie noodwendig tot 100% op nie.

Gevolgtrekking

Die Afrikaner se gesamentlike inkomste is van so ’n aard dat geen Suid-Afrikaanse sakeonderneming of bemarker kan bekostig om ons te vervreem nie.

Dieselfde geld vir die bydrae in die arbeidsmark waar Afrikaners se vaardighede van hoogstaande gehalte is.

Waar ingrypings wel nodig is, is by aftreebeplanning en algemene finansiële geletterdheid en dissipline. ’n Beduidende deel van die bevolking stuur af op ’n aftrede vol swaarkry, al is hul inkomste meer as genoeg om met gemak vir aftrede te kan spaar. ’n Voorbeeld van swak dissipline is dat daar uit die data afgelei kan word dat ’n beduidende aantal mense meer aan hul motors as aan hul huise bestee.

Oor die algemeen is Afrikaner-verbruikers baie lojaal teenoor hul verkose produkte en diensverskaffers. Hulle ondersteun graag ander Afrikaners se besighede. Tog is hulle ook oop vir nuwe ondervindings, met die jonger Afrikaners wat byvoorbeeld nie gehuiwer het om die skuif na aanlyn aankope te maak nie. Mense van werkende ouderdom is ook meer geneig om aan verbruikersaksies deel te neem, hoewel dié groep redelik in twee verdeel is ten opsigte van negatiewe aksie teen oortreders teen ons gemeenskap.

---

[i] https://www.markinblog.com/entrepreneur-statistics/?gclid=Cj0KCQjw4PKTBhD8ARIsAHChzRIUmZwDB01eO-zBhdnonN7CZfEOgiMrRmrQGBF-DnuKg02Vdcn0QuEaAirAEALw_wcB

[ii] https://knoema.com/infographics/nyyasp/global-entrepreneurship-index-2018

[iii] Quarterly Labour Force Survey, Quarter 4:2021

[iv] DHET Fact Sheet: The Highest Level of Education Attainment in South Africa, March 2021

[v] https://www.news24.com/citypress/business/70-of-south-african-motorists-have-no-insurance-20210702